TYD

Efesiërs 5: 6-20

"Maak die beste gebruik van elke geleentheid..."

LITURGIE

Dankie dat julle bereid is om saam stil te raak. In hierdie WhatsApp of E-pos, is daar drie hulpbronne: 'n Liturgie, Liederre en Preek. Daar is ook skakels na al die hulpbronne toe.

1. GEBED

Open die samekoms met 'n gebed. Bid dat die Gees julle sal lei, om hierdie tyd effektief te gebruik.

2. SEËNGROET

Groet mekaar met die volgende woorde: Genade en vrede vir jou.

3. LOFLIED

As 'n loflied, sing net lied 464: 1-3 (O Heer my God) saam. Jy kan die volgende skakel volg om die lied saam te sing (kliek).

4. SKRIFLESING

Lees nou Efesiërs 5: 6-20 saam.

5. BOODSKAP

Volg die volgende skakel om na die boodskap te luister (kliek).

6. BESPREKING

- Hoe dink jy oor die covid19-virus? Is die isolasie as gevolg van die virus, vir jou 'n geleentheid of 'n straf?
- Is die sluit van alles nie 'n geleentheid om anders te dink oor my tyd nie? Hoe kan julle anders dink oor julle tyd saam met God of die tyd saam met jul familie?
- Stem julle saam met Paulus oor hoe ons ons tyd moet benut?

7. SLOTLIED

As 'n slotlied, sing lied 163 (Soos 'n wildsbok) saam. Dit is die volgende lied na lied 464 op die youtube-skakel.

8. SEËNGEBED

Sluit saam af met gebed. Bid dat die Here julle wysheid sal gee om ons tyd reg te benut.